

24 September

Skrifgedeelte: Miga 7:1-20

Fokusgedeelte: Miga 7:18-20

My erfenis is vir my mooi

Erfenisdag is as vakansiedag ingestel sodat Suid-Afrikaners hulle in hulle verskillende kulture en tradisies, gebruike en geskiedenis kan verheug. Miga besing hier in sy gebed in vers 18-20 sekerlik die grootste erfenis wat die kerk te beurt geval het: *die genade van 'n liefdevolle, vergewende God.*

Ons leef tans in 'n wêreld, en so het Miga dit alreeds in vers 1-7 beskryf, waarin die gelowige bedreig staan. Gelowiges raak al minder (vs. 2); misdaad, soos moord, roof, omkoperij en verdraaiing van die reg, vier hoogty (vs. 2, 3); inter-persoonlike verhoudings ly skade.

Die groot vraag is: Hoe leef 'n gelowige in so 'n siek samelewing? Daar is net een manier (vs. 8): *Ons moet gelowig na die HERE opsien.* Om dit te kan doen, hou in dat ons ons eie posisie voor God moet herken en erken. Ons moet beseft dat ons medeverantwoordelik is vir die omstandighede waarin ons leef. Ons verdien ook die straf van die Here.

Ons het egter 'n troos! Ons kan die toekoms positief tegemoet gaan (en Miga besing God se lof hieroor in sy gebed): *Ons het 'n God wat vergewe.* Hy straf nie sonde van dié wat aan Hom behoort nie, want Hy het daardie sondeskuld klaar aan sy Seun Jesus Christus gestraf – dit weet ons uit die Nuwe Testament. Wat Hy van ons vra, is skuldbelydenis. Miga besing die HERE se lof hier met die woorde: "Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde ..." In Psalm 51:19 sing Dawid ook: "U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God."

Laat ons telkens, in die beseft van ons sonde, verstom voor die kruis van Jesus Christus uitjubel: "Wie is 'n God soos U?" Erken vandag en elke dag berouvol u sonde, en bely dit voor God! Hy is 'n liefdevolle, vergewende God. Saam met die Psalmdigter kan ons sê: "My erfenis is vir my mooi."

Sing: Psalm 130:2

Ds. AB van der Walt (Lichtenburg)